higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INDUSTRIËLE ORIËNTERING N1

(4110011)

26 Julie 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.

031Q1G2126

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INDUSTRIËLE ORIËNTERING N1
TYD: 3 UUR
PUNTE:00

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Gly-en-val-ongelukke kan oral en te eniger tyd plaasvind, en kan ernstige beserings veroorsaak.

Noem AGT tipiese oorsake van hierdie ongelukke. (8)

1.2 Brandwonde kan in verskillende kategorieë geklassifiseer word.

Noem daardie kategorieë. (2)

1.3 Demonstreer jou begrip deur die volgende terme kortliks te verduidelik:

1.3.1 Mediese skemas

1.3.2 Belasting

1.3.3 Pensioenfonds

1.3.4 Mededinging

1.3.5 Interpersoonlike verhouding

(5 × 3) (15)
[25]

VRAAG 2

2.1 Noem en verduidelik VIER soorte voordele wat prominent is in 'n pensioenfonds. (4 × 3) (12)

2.2 Bespreek die nadele van 'n mediese skema. (5)

2.3 Tabuleer die voordele en nadele van 'n gedesentraliseerde struktuur. (4 × 2) (8)
[25]

VRAAG 3

3.1 Noem en bespreek DRIE soorte spaarrekeninge. (3 × 4) (12)

3.2 Noem VYF voordele wat behaal kan word deur werkskedules te verander en nuwe skedules aan werkers toe te wys. (5)

3.3 Noem en beskryf VIER soorte vakbonde. (4 × 2) (8)
[25]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur 'n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

grief; uitkeerpolis; waarborge; delegering; onveilige handelings; bedryfsongeval; afwesigheid; professionele; verhouding; platoniese; veilige handelings; siekteverlof; onprofessionele; protes

4.1 'n Verhouding tussen twee individue sonder enige gevoelens of seksuele begeerte vir mekaar word 'n … verhouding genoem.

4.2 Individue wat bloedverwante of aangetroude familie is, vorm 'n familie-…

4.3 Individue wat saam vir dieselfde organisasie werk, het 'n normale … verhouding.

4.4 Individue wat aan stres ly en geneig is om gereeld van die werk af weg te bly, se name sal altyd op die …-lys wees.

4.5 'n Skielike en onvoorsiene gebeurtenis, aan enige oorsaak toeskryfbaar, wat iemand oorkom, word 'n … genoem.

4.6 Aktiwiteite en/of werkprestasie waarby werknemers betrokke is en wat die ongemagtigde gebruik of hantering van toerusting kan insluit, word … genoem.

4.7 Die proses waarin 'n ondergeskikte die verantwoordelikheid en gesag gegee word om 'n gegewe taak te verrig, word … genoem.

4.8 'n Ooreenkoms van die vervaardiger wat bevestig dat hy 'n item sal herstel of vervang indien iets skeefloop binne 'n sekere tydperk nadat jy dit gekoop het, word … genoem.

4.9 'n Lewensversekeringskontrak wat ontwerp is om 'n enkelbedrag te betaal ná 'n spesifieke termyn (op sy 'uitkeerdatum') of wanneer die polishouer sterf, word 'n … genoem.

4.10 Enige vorm van misnoeë of enige vorm van ontevredenheid met enige aspekte van 'n organisasie word 'n … genoem.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 5

5.1 Maak 'n lys van TIEN items wat op 'n werkswinkel of fabriek se kontrolelys vir huishouding moet verskyn. (10)

5.2 Noem enige VYF tipiese stukke persoonlike beskermende toerusting. (5)

[15]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou